SAKE 24 (Burger Kaap)
Thursday, 15 November 2007, p. 7

Britte wys Kaapse IT-firma as top- aflandige bedryf aan

'n Kaapse maatskappy in die inligting- en kommunikasietegnologie (IKT) -bedryf het die Britse nasionale uitkontrakteringsvereniging (NOA) se toekenning vir aflandige bedryf van die jaar verower.

Die maatskappy ihotdesk het 'n kantoor in die Bandwidth Barn in Kaapstad en ook een in Londen. Sy bedrywighede sluit in die uitgekontrakteerde IT-departement van uitgelese kliënte soos Revlon en Hugo Boss.

Volgens mnr. Matthew Ohlson de Fine van die Kaapse kantoor van ihotdesk het die maatskappy die toekenning gewen danksy die groei en sukses wat die kantoor in Suid-Afrika getoon het.

Die maatskappy se besluit om ook 'n kantoor in Suid-Afrika oop te maak, is volgens Ohlson de Fine gesteun deur gunstige omstandighede soos die hoë vlak van IT-vaardighede in die land en die goeie ooreenstemming in tydsones.

Die Kaapse kantoor het gesorg dat die maatskappy sy bedryfskoste kon verlaag, nuwe dienste kon aanbied en die tekort aan vaardighede in die Britse mark kon aanvul.

Volgens Ohlson de Fine was ihotdesk een van die eerste gebruikers van VoIP-tegnologie, iets wat dit vir die maatskappy maklik gemaak het om 'n aflandige kantoor in 2005 in Suid-Afrika te vestig. Daar is ook talle Suid-Afrikaners by die maatskappy se kantoor in Londen werksaam en hulle is gevolglik baie vertroud met die Suid-Afrikaanse mark.

Ohlson de Fine is vol lof vir die Bandwidth Barn, 'n sake-versneller vir Kaapse IT-maatskappye.

"Ons sou dit nie sonder die Bandwidth Barn kon regkry nie. Hulle verskaf aan ons bekostigbare kantoorruimte in die sakekern, toegang tot 'n raadsaal en bestuursondersteuning. Dit vergemaklik die taak van nuwe IT-maatskappye," sê Ohlson de Fine in 'n verklaring.

Me. Odette Potter, uitvoerende hoof van die Bandwidth Barn, beskou die prestasie van ihotdesk as 'n teken dat Suid-Afrika oor die vaardighede beskik om sukses op internasionale vlak te behaal.

Staat in duister oor grond

Britte wys Kapse IT-firma as top- aflandige bedryf aan